

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND TOT DIE PROBLEEM

Kinderjare is 'n tydperk van ontwikkeling. Die begrip "ontwikkeling" verwys na die fisiese en sielkundige veranderings wat 'n individu ondergaan met die verloop van tyd. "Ontwikkelingstadium" verwys na die stadium waar die gedrag en denke van kinders verskil van hul gedrag en denke op 'n vroeëre of latere stadium. So 'n ontwikkelingstadium volg op 'n ander stadium en is die voorloper van ander stadia (Bukatko & Daehler 1998:3). Die ontwikkelingstadium waarin kinders hulle bevind, bring mee dat kinders sekere ontwikkelingsprobleme kan ervaar wat normaal en kenmerkend van die stadium is.

Ten opsigte van ontwikkeling is dit belangrik om te onthou dat die kind as individu 'n geheel is. Die verskillende aspekte van ontwikkeling geskied nie in isolasie nie, maar beïnvloed mekaar. Die intellektuele, fisiese, affektiewe, sosiale en morele ontwikkeling van kinders beïnvloed dus mekaar onderling. Gedurende die middelkinderjare ontwikkel motoriese vaardighede van kinders geweldig en word daar baie waarde aan geheg deur kinders. Motoriese vaardighede oefen 'n belangrike invloed uit op hoe kinders mekaar en hulself sien (Feldman 1998:328; Louw *et al* 1991:328). Feldman (1998:386) wys daarop dat kinders in die middelkinderjare daarop gefokus is om vaardighede te bekom wat hulle in staat sal stel om die uitdagings wat hulle ouers, onderwysers en groep aan hulle stel die hoof te bied. Kinders wil die vaardighede bemeester sodat hulle die goedkeuring van hulle ouers, onderwysers en groep kan bekom (Livo 1994:96). Die hoë premie wat kinders plaas op die aanleer van vaardighede bring mee dat hulle in sommige gevalle nie die moed het om 'n vaardigheid aan te leer nie. Veral 11-jariges sal dan eerder onttrek as om die vaardigheid te probeer bemeester (Humphrey &

Humphrey 1989:68-69). Ter wille van kinders se normale ontwikkeling is dit belangrik dat hulle die vrees vir die aanleer van vaardighede sal oorwin.

Elke individu behoort tot 'n groep wat op ongeveer dieselfde tyd as hy of sy gebore is (Feldman 1998:40). Gedurende die middelkinderjare word dit vir kinders toenemend al hoe belangriker om deel te wees van 'n groep en deur die groep aanvaar te word (Stutterheim & Kroon 1991:186). Die skool vorm 'n belangrike milieu vir interaksie met die groep omdat kinders gedurende die middelkinderjare met formele onderrig begin. Navorsing het egter getoon dat verwerping deur die groep vir sommige kinders 'n werklikheid is (Doll & Doll 1997:101). Die verwerping van kinders deur die groep beïnvloed hul normale ontwikkeling. Ter wille van hulle ontwikkeling is dit belangrik dat kinders die vrees vir verwerping deur die groep moet leer hanteer.

Volgens Feldman (1998:40) bly slegs die helfte van die kinders in Amerika gedurende hulle kinderjare by hul ouers. Die res vorm deel van enkelouer- of stiefgesinne. Gedurende middelkinderjare blameer kinders hulself dikwels vir die egskeiding. Veral 10-jariges voel dat hulle 'n keuse moet maak tussen hulle ouers. Hulle gaan gebuk onder die las van verdeelde lojaliteit. Dit is ter wille van die normale ontwikkeling van kinders belangrik dat hulle hulp moet kry om die egskeiding te verwerk.

Een van die voorspelbare lewenskrisisse is die dood. Vanweë veranderings in ons Westerse lewenswyse is die dood nie meer deel van ons lewenswyse nie. Families funksioneer nie meer as eenhede nie. Kinders beleef nie die dood van ouer familieledere nie en maak eers met die dood kennis as 'n vriend, nabye familielid of troeteldier sterf (Cuddigan & Hanson 1988:19). In gesprekvoering in ons Westerse samelewing word daar min oor die dood gepraat omdat so 'n gesprek as morbied beskou word (Payne 1986:376). Die hantering van die dood word dus vir kinders 'n vreemde en traumatiese ondervinding. Ter wille van die

normale ontwikkeling van kinders is dit belangrik dat hulp aan hulle verleen moet word om die dood te hanteer.

Fiksie kan kinders help om normale ontwikkelingsprobleme en lewenskrisisse te hanteer, want dit kan voorkomend gebruik word. Wanneer die ontwikkelingsprobleme en lewenskrisisse oor kinders se pad kom, sal hulle voorbereid wees en boonop nie verwerp of geïsoleerd voel nie. Fiksie kan aan kinders die geleentheid bied om alternatiewe maniere te vind om hulle probleme te hanteer (Pardeck 1990:1043).

Bibliotekaris, sowel as gesondheidswerkers, glo in die terapeutiese rol van leesstof (Doll en Doll 1997:18). Volgens Pardeck en Pardeck (1992:9-11) is daar met navorsing gemengde welslae behaal met die gebruik van fiksie vir biblioterapie. Voor die tagtigerjare was daar 24 studies wat getoon het dat fiksie effektief aangewend kan word in terapie. Doll en Doll (1997), onderskeidelik opgelei in biblioteek- en inligtingkunde en 'n sielkundige, het 'n belangrike bydrae gelewer tot die daarstelling van biblioterapeutiese programme. Hulle het besef dat elkeen van hulle 'n belangrike bydrae kan lewer vanweë hul kennis: die sielkundige kan 'n waardevolle bydrae lewer vanweë haar kennis van kinders en adolessente en die media-spesialis kan 'n waardevolle bydrae lewer vanweë haar kennis van die keuring van materiaal. Belangrike navorsing oor die keuring van boeke vir biblioterapie is gedoen deur Coleman en Ganong (1988), Dreyer (1992) en Bernstein en Rudman (1989). In Suid-Afrika is daar onder andere deur Karen Smith 'n opleidingsmodule vir die opleiding van M.Ed-studente in die gebruik van biblioterapie ontwerp. Twee belangrike studies oor die keuring van fiksie is onderneem deur Brewis (1997) en Oosthuizen (1991). Brewis (1997) se studie fokus op die keuring van toekomsfiksie vir openbare biblioteke. Oosthuizen (1991) se studie fokus op die keuring van fiksie vir openbare biblioteke.

Doll & Doll (1997:20) wys daarop dat daar 'n behoefte bestaan vir meer navorsing oor die rol van biblioterapie. Hulle beklemtoon veral dat navorsing gedoen moet

word om die beskikbare materiaal te evalueer. Ten spyte van waardevolle navorsing wat gedoen is, bestaan daar 'n leemte ten opsigte van keuringskriteria vir die keuring van fiksie met betrekking tot die biblioterapeutiese proses. Alhoewel daar verskeie bibliografieë bestaan oor die beskikbare fiksie, is dit dikwels in Suid-Afrika moeilik om van die verhale te bekom, die verhale is dikwels verouderd of nie gepas vir die lewenskrisisse of normale ontwikkelingsprobleme van kinders nie. Dit is vir bibliotekarisse of media-spesialiste wat deel uitmaak van spanne vir biblioterapeutiese programme belangrik om toegang te hê tot keuringskriteria vir fiksie met betrekking tot die biblioterapeutiese program. Hierdie keuringskriteria verskil van die keuringskriteria wat toegepas word vir die keuring van fiksie, want die ontwikkelingsprobleme of lewenskrisisse van kinders vorm nou die fokuspunt van die keuringsproses. Bibliotekarisse of media-spesialiste sal egter net 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die keuring van fiksie met betrekking tot die biblioterapeutiese proses indien hul op hoogte is met die biblioterapeutiese proses en ontwikkelingsstadia van kinders.

Navorsing moet onderneem word oor die terapeutiese rol van fiksie in die hantering van sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme van kinders.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Kinders en jongmense van agt tot 11 jaar beleef lewenskrisisse wat onder andere ontwikkelingsprobleme insluit. Fiksie kan hier 'n belangrike rol speel, want dit bied aan die kind die geleentheid om te lees van ander in soortgelyke situasies. Dit het verskeie voordele vir hulle: Hulle bekom sodoende meer kennis van hulle eie situasies en probleme en hierdie kennis kan in privaatheid verkry word. Hulle gevoel van isolasie word verbreek. Dikwels is kinders onder die indruk dat hulle uitsonderings is en worstel dan alleen met hulle probleme. Hulle kry ook die

geleentheid om insig in hulle situasie te bekom en kan sodoende besluit hoe om op te tree en probleme op te los.

Die kernvraag wat in hierdie studie beantwoord moet word, is:

Wat is die terapeutiese rol van fiksie in die hantering van sekere lewenskrisisse en ontwikkelingsprobleme van kinders?

Hierdie kernvraag gee aanleiding tot die volgende subprobleme wat ondersoek sal word:

- (a) Wat is die aard van die biblioterapeutiese proses?
- (b) Wat is die leesbehoefte, leesbelangstelling en leesgedrag van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar?
- (c) Watter kriteria moet toegepas word by die keuring van fiksie met betrekking tot die biblioterapeutiese proses?
- (d) Watter lewenskrisisse ervaar kinders?
- (e) Watter ontwikkelingsprobleme ervaar kinders?
- (f) Hoe kan kriteria vir die biblioterapeutiese proses aangewend word by die keuring vir fiksie vir die hantering van lewenskrisisse en ontwikkelingsprobleme van kinders?

1.3 BEGRIPSOMSKRYWING

Definisies van 'n paar relevante terme word gegee. Ander sal in die loop van die studie aandag geniet.

1.3.1 Fiksie

Fiksie is stories of verhale wat die produk is van die skrywer se verbeelding. Dit moet egter geloofwaardig wees met oortuigende karakters waarmee die leser kan identifiseer.

1.3.2 Biblioterapie

Biblioterapie verwys na 'n proses waar 'n dinamiese interaksie tussen literatuur en 'n leser bewerkstellig word sodat dit tot voordeel van die leser kan wees. Wanneer hierdie interaksie plaasvind onder leiding van 'n ervare fasiliteerder (met bepaalde doelstellings) kan terapeutiese veranderinge plaasvind (Pardeck & Pardeck 1984b:1).

Biblioterapie kom as te ware in verskillende grade voor. Op sy eenvoudigste is dit die insigte waartoe 'n persoon self kom deur die lees van 'n boek of boeke wat aan hom of haar verskaf is. Op sy ingewikkeldste word dit gebruik in gevorderde terapie deur 'n opgeleide terapeut vir 'n persoon met ernstige geestelike probleme. Daar word dan ook onderskei tussen kliniese en ontwikkelingsbiblioterapie. Ontwikkelingsbiblioterapie word gemik op die hantering van ontwikkelingsprobleme of vir geringe aanpassingsprobleme. Dit kan aangewend word as 'n voorkomende maatreël of 'n metode om mense te help om bestaande probleme te hanteer (Coleman & Ganong 1988:18). Kliniese biblioterapie daarenteen kan omskryf word as 'n terapeutiese proses wat daarop

gemik is om 'n persoon te help wat ernstige of emosionele gedragsprobleme het (Doll & Doll 1997:6-7).

By biblioterapie is daar drie komponente betrokke, naamlik (Pardeck & Pardeck 1984b:1):

- fasiliteerder
- leser
- literatuur.

Biblioterapie is nie terapie op sy eie nie, maar vorm deel van die biblioterapeutiese proses. Dit kan dus as te ware beskou word as 'n hulp terapie (Fourie & Gericke 1991:248-249).

Ten einde die veranderinge te bewerkstellig, wat die doel is van biblioterapie, moet die volgende vier stappe in werking tree (Pardeck & Pardeck 1984b:3):

- veralgemening
- identifisering
- katarsis
- insig.

1.3.3 Ontwikkelingstadia van kinders

Ontwikkeling behels verandering. Die begrip "ontwikkeling" verwys dan ook na die fisiese en sielkundige veranderinge wat 'n individu ondergaan met die verloop van tyd (Bukatko & Daehler 1998:3).

Ontwikkelingstadia verwys na die stadiums waar die gedrag en denke van 'n individu aansienlik verskil van sy gedrag en denke op 'n vroeëre of latere stadium (Bukatko & Daehler 1998:3). So 'n ontwikkelings stadium volg gewoonlik op 'n ander stadium en is die voorloper van ander stadia. Ten spyte daarvan dat gedrag

en denke tydens elke stadium verandering ondergaan is daar altyd sekere aspekte van die individuele gedrag en denke wat dieselfde bly. Sroufe *et al* (1992:22-23) is dan ook van mening dat ontwikkeling geleidelik sowel as in stadia plaasvind.

Alhoewel hierdie ontwikkeling op verskillende maniere en teen verskillende tempo's plaasvind, wys Lefrançois (1992:26) daarop dat daar algemene kenmerke is ten opsigte van die ontwikkeling van verskillende individue. Vanweë die ooreenstemmende kenmerke kan ontwikkelingsstadia onderskei word en kan veralgemenings gemaak word vir elke groep.

Die volgende ontwikkelingsstadia word dan ook onderskei:

- voorskoolse kind (0 – 6/7 jaar)
- middelkinderjare (6/7 jaar – 11/12 jaar)
- adolessensie (11/12 jaar – 19/20 jaar)

Wanneer kinders in die ontwikkelingsstadia ingedeel word, is dit belangrik om daarop te let dat daar byvoorbeeld 'n geweldige verskil is tussen 'n kind van sewe jaar wat sopas met sy/haar skoolloopbaan begin het en 'n kind van twaalf jaar wat byna aan die einde van sy/haar primêre skoolloopbaan is (Du Toit & Kruger 1991:70).

1.3.4 Lewenskrisisse

Lewenskrisisse verwys na buitengewone gebeurtenisse met 'n negatiewe strekking wat stremmend kan inwerk op die ontwikkeling van die kind.

In hierdie studie sal daar gekyk word na egskeiding as gesinsprobleem, soos onderskei deur Pardeck en Pardeck (1984b:33-48), wat lewenskrisisse vir kinders kan skep.

Aandag sal ook geskenk word aan lewenskrisisse wat kan ontstaan weens die dood van 'n lid van die gesin, vriend, ouer persone of troeteldiere (Cuddigan & Hanson 1988:19-27).

1.3.5 Ontwikkelingsprobleme

Ontwikkelingsprobleme verwys na die ontwikkelingsprobleme wat kenmerkend is van kinders in die ouderdomsgroep agt tot 11 jaar, naamlik: die vrees vir mislukking in die aanleer van nuwe vaardighede en aanvaarding deur hul portuurgroep.

1.4 TERREINAFBAKENING

Dit is belangrik om daarop te let dat daar groot verskille kan wees tussen kinders van dieselfde ouderdomsgroep, byvoorbeeld tussen 'n kind van sewe jaar wat pas met sy of haar skoolloopbaan begin het en 'n kind van twaalf jaar wat byna aan die einde van sy of haar primêre skoolloopbaan is (Du Toit & Kruger 91:70).

Met bogenoemde in gedagte is daar besluit om te konsentreer op kinders wat oor die vermoë beskik om self te lees, maar nog nie gebuk gaan onder die geweldige veranderinge van die adolessentjare nie. Daar sal dus gekonsentreer word op kinders van agt tot elf jaar.

Hierdie besluit om te konsentreer op kinders van die ouderdomsgroep agt tot elf jaar is ook sterk beïnvloed deur die verskil in inligting wat beskikbaar is. Daar is byvoorbeeld baie inligting beskikbaar oor babas, peuters, kleuters en adolessente, maar beduidend minder oor kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar.

Die fiksie wat in hierdie studie gebruik gaan word, handel oor ontwikkelingsprobleme en lewenskrisisse wat in hierdie studie aangespreek word. Hierdie fiksietitels moet òf self deur kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar gelees kan word òf hulle moet oor die vermoë beskik om dit te verstaan terwyl dit aan hulle voorgelees word. Vanweë die groot verskille tussen kinders in die ouderdomsgroep word verhale gebruik wat nie altyd relevant sal wees vir die spesifieke groep in totaliteit nie.

1.5 AANNAMES

Vir doeleindes van hierdie studie word die volgende aannames gemaak:

- Kinders van agt tot elf jaar beskik oor die vermoë om te kan lees.
- Kinders van agt tot elf jaar beskik oor die vermoë om te kan luister terwyl daar aan hulle voorgelees word.
- Kinders van agt tot elf jaar het toegang tot boeke en die geleentheid om te lees.

1.6 DOEL MET STUDIE

Die doel met die studie is om aan te toon dat fiksie 'n belangrike rol kan speel om kinders te help om normale ontwikkelingsprobleme en sekere lewenskrisisse te hanteer. Vir hierdie doeleindes gaan daar gepoog word om relevante fiksie oor sekere lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme te identifiseer en kriteria vir die keuring daarvan te ontwikkel.

1.7 BELANGRIKHEID VAN STUDIE

Die studie kan nuttig wees vir bibliotekarisse, ouers, onderwysers en sielkundiges. Die ontwerp van kriteria vir die keuring van leesstof met betrekking tot die biblioterapeutiese proses kan hulle in staat stel om leesstof te evalueer.

Vir diegene wat werk met kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar sal die studie inligting bied wat bydra tot 'n groter begrip van die kinders in die ouderdomsgroep. Die inligting is dikwels nie geredelik of in 'n gebruikersvriendelike formaat beskikbaar nie.

Die studie kan nuttig wees vir diegene wat geen kennis dra van biblioterapie en die impak wat dit kan hê nie.

Die studie kan ook in die algemeen bydra tot 'n beter begrip van lewenskrisse en ontwikkelingsprobleme van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar en die rol wat leesstof kan speel in die hantering daarvan.

1.8 NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsbenadering sal kwalitatief wees. 'n Diepgaande ondersoek van die verskynsel van 'n bepaalde omvang sal gedoen word.

1.8.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp sal beskrywend wees.

Die navorsingsontwerp sal 'n beskrywing behels van die biblioterapeutiese proses en leesterapie; leesbehoefte, leesbelangstellings en leesgedrag van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar; lewenskrisse in die gesin wat verband hou met egskeiding, dood van 'n troeteldier, lid van gesin, vriend en ouer persone; ontwikkelingsprobleme wat kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar ervaar

wat verband hou met aanleer van nuwe vaardighede en aanvaarding deur die groep.

'n Model en kriteria vir die keuringsproses met betrekking tot biblioterapie sal ontwikkel word.

Die navorsingsontwerp behels ook die evaluering van boeke oor genoemde lewenskrisisse en ontwikkelingsprobleme van kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar teen die kriteria wat ontwerp is.

1.8.2 Data-insamelingsmetode

Data-insamelingsmetodes wat gebruik gaan word, is 'n literatuurstudie en inhoudsontleding van kinder- en jeugverhale oor genoemde lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme.

1.9 NAVORSINGSPROGRAM

Hierdie navorsingsprogram word verdeel in die volgende hoofstukke:

In hoofstuk 2 word die lees-, media- en inligtingsbehoefte van kinders bespreek met spesifieke verwysing na kinders in die ouderdomsgroep agt tot elf jaar. Kinders se lees-, media- en inligtingsbehoefte word ingedeel in vier kategorieë, naamlik basiese inligtingsbehoefte, inligtingsbehoefte wat verband hou met ontwikkelingstadium van kinders, kurrikulêre inligtingsbehoefte en persoonlike inligtingsbehoefte. Kennis hiervan is belangrik, want dit kan daartoe lei dat kinders beter verstaan word en dat insig in hulle gedrag bekom word. Hierdie kennis speel 'n sleutelrol in die keur van die regte boeke.

In hoofstuk 3 word die term biblioterapie omskryf. Die doel van biblioterapie, stappe in die biblioterapeutiese proses, voordele en nadele van biblioterapie word bespreek sodat die belangrike rol en bydrae van biblioterapie in die hantering van lewenskrisisse en normale ontwikkelingsprobleme duidelik sal blyk.

Hoofstuk 4 word gewy aan die keuring van relevante leesstof omdat leesstof 'n sleutelrol speel in die sukses van biblioterapie. Kriteria word gestel vir die leser, die boek en die keurder. Die kriteria vir die leser en die boek is baie belangrik, want sonder 'n deeglike kennis van die leser en die boek is dit nie moontlik om die regte boek te keur vir die biblioterapeutiese proses nie. 'n Model word ontwerp vir die keuring van fiksie vir die biblioterapeutiese proses asook tabelle wat gebruik kan word vir die keuring van geskikte leesstof.

In hoofstuk 5 word egskeiding as 'n lewenskrisis bespreek. Reaksie van kinders en hulp wat aan hulle verleen kan word, word omskryf met besondere verwysing na die rol van biblioterapie in die hantering van egskeiding. Boeke word ten slotte geëvalueer aan die hand van algemene en literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

In hoofstuk 6 word dood as 'n lewenskrisis bespreek. Reaksie van kinders, stadia in die rouproses en hulp wat aan kinders verleen kan word, word bespreek met besondere verwysing na die rol van biblioterapie. Boeke word ten slotte geëvalueer aan die hand van algemene en literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Hoofstuk 7 behandel normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir verwerping deur die groep. Invloed van ontwikkeling van kinders op hulle aanvaarding deur die groep en omgekeerd word bespreek. Hulp wat aan kinders verleen kan word, word bespreek met besondere verwysing na die rol van biblioterapie. Boeke wat handel oor die vrees vir verwerping deur die groep word

geëvalueer aan die hand van algemene en literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Hoofstuk 8 behandel normale ontwikkelingsprobleme wat verband hou met die vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede. Invloed van ontwikkeling van kinders op hulle vrees vir die aanleer van nuwe vaardighede en omgekeerd word bespreek. Hulp wat aan kinders verleen kan word, word bespreek met besondere verwysing na die rol van biblioterapie. Boeke wat handel oor die vrees vir aanleer van nuwe vaardighede word geëvalueer aan die hand van algemene en literêre keuringskriteria soos omskryf in afdeling 4.3.

Hoofstuk 9 rond die navorsing af en gee'n samevatting van die bevindings en afleidings wat in die studie gemaak is, deur dit in verband te bring met die probleme wat ondersoek is. Aanbevelings word op grond van die bevindings gemaak en moontlikhede vir verdere navorsing word uitgewys.